higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISSIONELE TAAL

(Eerste vraestel)

NKR VLAK 4

(4101064)

2 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.

.

021Q1N2202

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings:

AFDELING A: LEES EN KYK	[50]
AFDELING B: PRÉCIS	[20]
AFDELING C: KYK	[30]
AFDELING D: TAAL IN PRAKTYK	[40]
AFDELING E: KOMMUNIKASIE IN PRAKTYK	[40]

2. Beantwoord al die vrae.

3. Lees al die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Laat 'n reël tussen elke antwoord oop.

6. Begin elke afdeling se antwoorde op 'n nuwe bladsy.

7. Let op die puntetoekenning by elke vraag.

8. Beplan jou tyd.

9. Trek 'n duidelike streep deur werk wat jy nie wil laat nasien nie. As jy dit nie doen nie sal jou eerste poging nagesien word.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LEES EN KYK

VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die onderstaande tydskrifartikel aandagtig deur en beantwoord die vrae.

Ingegrendel sedert 1978. Maar vry!
deur Hanlie Retief

1. Op 27 Maart 2020 het Suid-Afrika se totale *lockdown* begin. Twee-en-veertig jaar gelede het Julius van der Wat se inperking begin. Vir hom is daar nie 'n entstof-einddatum nie. Sy inperking is vir altyd.

2. 'Ek is 'n serebraal gestremde spastiese kwadrupleeg,' begin dié merkwaardige man sy ongewone verhaal in 'n e-pos-gesprek. Hy kan net sy kop en regterhand baie effens beweeg.

3. Julius word beskryf as 'n man waarbinne 'n veld vol blomme groei: binne sy uiterlike dop van gevangeskap, sy fisieke tronk, gons 'n byekorf van intelligensie, kreatiwiteit en humor.

4. Julius is as een van 'n tweeling gebore. Sy tweelingbroer, Koos, word as 'normaal' beskou. 'Die aanhalings hier is belangrik!' skerts hy. Hulle is twee maande prematuur gebore en het elk onder 'n kilogram geweeg. Sy ma, Bibi, onthou hulle was so klein hul kon saam in 'n skoendoos pas. Julius kon in sy pa se handpalm lê.

5. Sy pa was 'n bekende ginekoloog, 'n baanbreker in sy veld, maar daar is 'n ongeskrewe reël dat 'n dokter nie die bevalling van sy eie kinders kan hanteer nie. Julius het asemhalingsprobleme ontwikkel en het breinskade opgedoen as gevolg van 'n suurstoftekort voordat die verpleegpersoneel die asemhalingstelsel kon koppel, maar hulle het egter sy lewe gered. 'Daarvoor is ek hulle eindeloos dankbaar.' Hy het uiters beperkte beweging, maar die kognitiewe deel van sy brein is nie aangetas nie.

6. Hoewel dit 'n bietjie inspanning verg kan Julius praat en hy wil dié vermoë nie verloor nie. Die alternatief is om van 'n masjien afhanklik te wees, maar dan verloor jy spontaneïteit, want die masjien moet geprogrammeer word.

7. 'Gestremdheid is onlosmaaklik deel van my, maar dis net 'n klein deel van my wat my as mens uniek maak. 'n Goeie humorsin kom egter dikwels nuttig te pas.' Daar was een kardinale draaipunt in sy lewe, toe sy fisioterapeut, Kerrie Austin, vir hom gesê het hy moet ophou fokus op dit wat hy nié kan doen nie, want dit weet hulle al lankal. Hy moet eerder fokus op dit wat hy kán doen, mét sy gestremdheid, nie ten spyte daarvan nie. Sy lewensleuse is nou, 'I have cerebral palsy, cerebral palsy does not have me'.

8. Op sewe was Julius al rekenaarvaardig. Tegnologie is vir hom 'n uitkoms, 'n deur tot vryheid. WhatsApp is maklik. Hy gebruik 'n skaatsplankhelm met 'n metaalarm waaraan 'n pen vasgemaak is om te kommunikeer. Mense wat hom nie ken nie, verstaan hom moeilik oor die foon.

Kopiereg voorbehou

9. Julius is 'n 'binneman'. Hy voer 'n stryd teen die samelewing se standaarde van verwagte normaliteit. Hy lyk vreemd en daarom staar mense na hom sonder om gemoeid te raak. Maar sy mense, dié wat hom ondersteun, staan soos 'n leërskare om hom. 'Al my assistente is vir my soos engele en soos my skaduwee. Ek is oneindig dankbaar vir my omsieners. Ons lewens is ineengestrengel. Ons vee mekaar se trane af.'

10. Maar, al heers daar grendels oor sy lyf, kan sy siel die bloutes in.

[Bron: Verwerk uit *Rapport, 3 Januarie 2021*]

VRAE:

1.1 In paragraaf 1 is 'n woord skuins gedruk.

1.1.1 Verduidelik waarom.

1.1.2 Haal EEN woord uit paragraaf 1 aan wat dieselfde beteken as die woord in skuinsdruk.

1.1.3 Verskaf EEN voorbeeld (jou eie) van 'n nuutskepping met dieselfde betekenis, wat deesdae in hierdie konteks gebruik word.

(3 × 1) (3)

1.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vraag gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.2) in die ANTWOORDBOEK neer.

Die woord 'binneman' (paragraaf 9) impliseer dat ...

A Julius verkies om binnenshuis te bly.
B Julius sy emosies beheer.
C alle aksies binne Julius se liggaam plaasvind.
D ander mense Julius nie respekteer nie. (1)

1.3 In paragraaf 1 word aangedui dat daar nie vir Julius 'n 'entstof-einddatum' is nie.

1.3.1 Verduidelik hierdie stelling in jou eie woorde. (2)

1.3.2 Haal 'n sinsnede uit paragraaf 7 aan wat die strekking van hierdie stelling bevestig. (1)

1.4 Die onderhoud met Julius is nie in persoon gedoen nie.

1.4.1 Haal EEN woord aan om hierdie stelling te staaf. (1)

1.4.2 Verduidelik waarom hierdie onderhoud só gedoen is. Verskaf TWEE moontlike redes. (2)

1.5 Julius is as een van 'n tweeling gebore. Sy tweelingbroer word as 'normaal' gesien.

1.5.1 Verduidelik die gebruik van die aanhalingstekens wanneer sy broer beskryf word.

1.5.2 Haal EEN woord uit paragraaf 4 aan wat dui op lighartigheid of spot.

(2 × 1) (2)

1.6 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.6.1–1.6.2) in die ANTWOORDBOEK neer. Staaf jou antwoord deur 'n sinsnede uit die leesstuk aan te haal.

1.6.1 Julius koester 'n wrok teenoor die verpleegpersoneel by die hospitaal waar hy gebore is.

1.6.2 Julius is nie intellektueel gestrem nie.

(2 × 2) (4)

1.7 Julius en sy broer is 'prematuur' gebore. Verklaar die betekenis van die voorvoegsel in die woord. (1)

1.8 Julius se pa was ' 'n bekende ginekoloog, 'n baanbreker in sy veld.'

1.8.1 Verduidelik wat 'n *baanbreker* is. (1)

1.8.2 Waarom is dit ironies dat Julius se pa 'n bekende ginekoloog was? (1)

1.8.3 Wat is 'n *ginekoloog*? (1)

1.9 Tegnologie is vir hom 'n uitkoms, 'n deur tot vryheid.

1.9.1 Benoem die beeldspraak in hierdie stelling.

1.9.2 Verduidelik die beeld wat hier geskep word.

1.9.3 Hoe oud was Julius toe hy 'n rekenaar kon gebruik?

(3 × 1) (3)

1.9.4 (a) Watter vorm van tegnologie verkies Julius om met ander mense te kommunikeer? (1)

1.9.4 (b) Verduidelik waarom Julius hierdie vorm van kommunikasie verkies. (1)

Kopiereg voorbehou

1.10 Volgens Julius is 'n goeie humorsin nuttig vir iemand met 'n gestremdheid. ☆

1.10.1 Is 'n goeie humorsin, volgens jou, slegs vir gestremdes 'n bate?

1.10.2 Verduidelik jou standpunt.

(2 × 1) (2)

1.11 Die mense wat hom ondersteun, 'staan soos 'n leërskare om hom'.

1.11.1 Benoem die beeldspraak in hierdie stelling.

1.11.2 Wat word suggereer in hierdie beeld?

(2 × 1) (2)

1.12 Dui aan of die volgende stelling 'n FEIT of 'n MENING is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Feit' of 'Mening' langs die vraagnommer (1.12) in die ANTWOORDBOEK. Staaf jou antwoord deur 'n sinsnede uit die leesstuk aan te haal. ☆

Ander mense raak nie sommer by Julius betrokke nie. (2)

1.13 Julius vertel dat hy en sy assistente mekaar se trane afvee.

1.13.1 Verduidelik die LETTERLIKE én FIGUURLIKE betekenis wat in hierdie stelling vervat is. (2)

1.13.2 Haal EEN woord aan met dieselfde betekenis as 'assistente'. (1)

1.14 Julius se lewensleuse is: 'I have cerebral palsy, cerebral palsy does not have me.' ☆

Verduidelik waarom hierdie lewensleuse inspirerend is. (1)

[35]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2: BRIEF AAN DIE PERS

Lees die onderstaande brief aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

KOMMENTAAR

Stuur briewe aan: briewe@beeld.com

'LOCKDOWN'? AIKONA! DIS MOS INPERKING!

Cules Hammann, Pretoria

Dit is opvallend hoe graag Afrikaanssprekendes saam met ons Engelstaliges op die wa spring wanneer 'n woord vir nuwe en vreemde omstandighede geskep word. Selfs al is daar 'n geskikte eweknie.

Toe 'n woord geskep moes word nadat ESKOM nie genoeg elektrisiteit kon voorsien nie, het dieselfde gedragspatroon gevolg en 'loadshedding' is gekies.

Dieselfde geld noudat ons deur hierdie COVID-pandemie getref word. 'Lockdown' het onmiddellik op ons tong geval – ten koste van die beskrywende 'inperking'. Tog is woorde soos 'koeshoes', 'moetgoed' en 'swendelgrendel' geskep.

Ek is trots om Afrikaans te praat. My taal hoef nie 'n duit agteruit te staan vir enige taal ter wêreld nie. Dit is die taal van my hart, die taal wat my laat tonekrullekkerkry!

[Bron: Verwerk uit *Beeld, 2 Mei 2020*]

VRAE:

2.1 Dié brief aan die pers is nie op 'n tradisionele wyse versend nie.

2.1.1 Op watter platform is die brief versend?

2.1.2 Haal uit die teks aan om jou antwoord te staaf. (2 × 1) (2)

2.2 Die brief verskyn in die afdeling genaamd 'Kommentaar'.

Verduidelik wat die woord 'kommentaar' beteken. (1)

2.3 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.3) in die ANTWOORDBOEK neer. Staaf jou antwoord deur uit die leesstuk aan te haal.

Die skrywer glo dat Afrikaans ander tale se gelyke is. (2)

2.4 Dui aan of die volgende stelling 'n FEIT of 'n MENING is. ☆

Mense gebruik graag Engelse woorde in die alledaagse lewe.

2.4.1 Kies die antwoord en skryf slegs 'Feit' of 'Mening' langs die vraagnommer (2.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.4.1 Staaf jou antwoord deur 'n sinsnede uit die leesstuk aan te haal.

(2 × 1) (2)

2.5 Die skrywer noem voorbeelde van allerhande woorde wat tydens die inperking geskep is.

Verklaar die moontlike betekenisse van elk van die volgende woorde:

2.5.1 'koeshoes' ☆

2.5.2 'moetgoed'

(2 × 1) (2)

2.6 Verskaf 'n goeie Afrikaanse woord vir 'loadshedding'. (1)

2.7 2.7.1 Dui aan of die volgende stelling LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik word. Kies die antwoord en skryf slegs 'Letterlik' of 'Figuurlik' langs die vraagnommer (2.7.1) in die ANTWOORDBOEK neer.

Dit is opvallend hoe graag Afrikaanssprekendes saam met ons Engelstaliges op die wa spring ... ☆

2.7.2 Verduidelik bogenoemde stelling.

(2 × 1) (2)

2.8 Haal EEN woord aan wat 'glad nie' beteken. (1)

2.9 Die skrywer noem dat Afrikaans die taal is wat hom laat 'tonekrullekkerkry'.

Verduidelik waarom

2.9.1 die skrywer nie koppeltekens gebruik in 'tonekrullekkerkry' nie.

2.9.2 'n uitroepteken aan die einde van die sin gebruik word.

(2 × 1) (2)

☆ **[15]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B: PRÉCIS

VRAAG 3: TYDSKRIFARTIKEL OM OP TE SOM

- Verduidelik HOE 'n mens BETER na jouself kan kyk.
- Skryf elke hoofgedagte in EIE VOLSINNE neer.
- Skryf die sinne in PARAGRAAFFORMAAT neer.
- Jou précis mag nie langer as 60 tot 70 woorde wees nie.
- Verduidelik so ver as moontlik in jou eie woorde.
- Dui die AANTAL WOORDE wat jy gebruik het aan die einde van die précis aan.

MET LIEFDE ... AAN MYSELF

Een van die beste geskenke wat jy jouself kan gee, is om meer oor jouself te leer. Besluit waarvan jy hou en nie hou nie. Dit sal jou help om jou standaarde en grense te stel, wat hopelik met jou waardes ooreenstem sodat jy die lewe kan skep wat jy wil hê. Vergewe ander, want, om te vergewe, word met belangrike aspekte van fisieke en geestelike gesondheid verbind. Vergifnis word positief met beter gesondheid ten opsigte van die hart, hormone en immuunstelsel verbind. Wanneer jy werklik vergewe, lei dit tot verminderde stres. Vind jou lewensdoel: moenie net oorleef nie. Leef met passie. Dit is soms moeilik om jou lewensmissie te vind, maar 'n lewensafrigter kan help. Daar is ook goeie boeke wat jy oor die onderwerp kan lees. Leef in die hier en nou. Ons verlede en ons toekoms is buite ons beheer. Dit is wat ons in die huidige oomblik doen wat ons toekoms gaan bepaal. Waag dit buite jou gemaksone. Mense is dikwels bang om uit hul gemaksone te beweeg. Hulle voel veilig om dinge te doen wat bekend is. Vrees vir mislukking hou 'n mens dikwels terug. Moenie jouself vir alles blameer nie. Vergeet van dinge wat verkeerd gegaan het en moenie hard op jouself wees oor die keuses wat jy in die verlede gemaak het nie. Kies positiewe woorde en omgewings. Herhaalde positiewe woorde sal jou help om positief te bly en gefokus te bly. Omring jou met positiewe mense en situasies. Gee aandag aan jou eetgewoontes en doen gereeld oefening.

[Bron: Verwerk uit *Vrouekeur, 12 Januarie 2018*]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C: KYK


VISUELE TEKSTE

VRAAG 4: GRAFIKA

Bestudeer die onderstaande grafika aandagtig en beantwoord die vrae.

E-handel skiet die hoogte in - Liesl Peyper

Winkelsentrums se tydelike dood in 2020 was aanlyn inkopies se brood en e-handel het met 'n allemintige 66% in Suid-Afrika toegeneem.



Met die uitbreking van COVID-19 en die inperkings het Suid-Afrikaners se vraag na huisaflewerings die hoogte ingeskiet. Verbruikers was in die verlede traag om e-handel te probeer, maar omdat hulle nie winkels fisiek kon besoek nie of te bang was om dit te doen, het hulle die sprong tot aanlyn inkopies gemaak. En dit is nie net 'n gril nie; in November 2020 het Mastercard se navorsing gewys dat 71% van deelnemers aan 'n peiling gesê het hulle sal voortgaan om aanlyn te koop.

'n Interessante bevinding is dat mense ouer as 65 skielik sê: 'Ons tyd het aangebreek!' Nie soseer omdat hulle daarvan hou om aanlyn te wees nie, maar omdat dit veel geriefliker is agter jou rekenaarskerm as om deur die winkelgange te ploeg,' sê Arthur Goldstuck, stigter van World Wide Worx en hoofontleder van die navorsing.

World Wide Worx het in sy verslag gaan kyk na die aanlyn kooppatrone van Suid-Afrikaners oor alle inkomstekategorieë heen. Goldstuck sê dit klink vreemd dat mense wat R2 000 tot R2 500 per maand verdien ook aanlyn koop, maar dit is dikwels studente, wat nie hul eie geld gebruik vir e-handel nie.

Daar is 'n sterk verband tussen opleidingsvlak en aanlyn inkopies. Altesame 15% van mense met primêre skoolopleiding koop aanlyn en dit styg tot 26% vir mense met sekondêre opleiding en skiet op tot 39% wanneer mense die een of ander vorm van naskoolse opleiding het.

Die stewige groei in aanlyn inkopies lui allermins die doodsklok vir fisieke winkels. Volgens Goldstuck het die Sandton City-winkelsentrum vanjaar sy besigste Maart in vyf jaar beleef.

[Bron: Verwerk uit *Rapport, 16 Mei 2021*]

4.1 Verwys na die titel.

4.1.1 Verduidelik waarvoor 'E-handel' staan.

4.1.2 Verduidelik wat die titel impliseer.

(2 × 1) (2)

4.2 'Winkelsentrums se tydelike dood in 2020 was aanlyn inkopies se brood ...'

4.2.1 Verduidelik wat met hierdie idiomatiese uitdrukking bedoel word.

4.2.2 Haal EEN woord uit bogenoemde aanhaling aan wat aandui dat hierdie nie noodwendig 'n permanente tendens was nie.

(2 × 1) (2)

4.3 Dui aan of die volgende stelling LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik word. Skryf slegs 'Letterlik' of 'Figuurlik' langs die vraagnommer (4.3.1) in die ANTWOORDBOEK neer.

'om deur die winkelgange te ploeg ...'

Verduidelik jou antwoord. (2 × 1) (2)

4.4 Watter inkomstegroep is, volgens die grafiek, by die peiling betrek? (1)

4.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.5.1–4.5.2) in die ANTWOORDBOEK neer. Staaf jou antwoord deur 'n sinsnede uit die grafika aan te haal.

4.5.1 Dit is veral jong mense wat skielik aanlyn inkopies doen.

4.5.2 Aanlyn inkopies moes tydens die pandemie steeds by winkels afgehaal word.

(2 × 2) (4)

4.6 Wat beteken dit indien 'die doodsklok' vir iets of iemand sou lui? (1)

4.7 Noem TWEE redes waarom verbruikers tydens die inperking aanlyn gekoop het. (2)

4.8 '... dit klink vreemd dat mense wat R2 000 tot R2 500 per maand verdien ook aanlyn koop.'

4.8.1 Waarom is dit vreemd dat mense wat tussen R2 000 en R2 500 per maand verdien ook aanlyn koop?

4.8.2 Na watter mense word hier verwys?

4.8.3 Waar kry hulle die geld om aanlyn te koop?

(3 × 1) (3)

4.9 Bewys, deur 'n persentasie aan te haal, dat die meerderheid verbruikers steeds aanlyn inkopies gaan doen. (1)

4.10 Verduidelik, in jou eie woorde, wat die verband tussen die vlak van mense se opleiding en aanlyn inkopies is. (1)

4.11 Haal EEN woord aan met dieselfde betekenis as

4.11.1 Huiwerig

4.11.2 nuk

(2 × 1) (2)

Kopiereg voorbehou

4.12 Nie alle winkelsentrums het swak presteer nie. ☆

4.12.1 Watter winkelsentrum het bo verwagting presteer?

4.12.2 Tydens watter maand het hierdie prestasie plaasgevind?

4.12.3 Watter tydperk word geraak?

(3 × 1) (3)

4.13 Bestudeer die grafiek, en beantwoord die volgende vrae:

☆ 4.13.1 Watter kommoditeit was die gewildste aanlyn?

4.13.2 Was vroue- of mansklere die gewildste?

4.13.3 Rekenaarsagteware en -speletjies het 4% van die aankope uitgemaak. Wat is jou verklaring hiervoor?

4.13.4 Vergelyk die aankope van boeke en e-boeke.

(4 × 1) (4)

4.14 Sal jy graag van aanlyn aankope gebruik wil maak?

Motiveer jou antwoord. ☆ (1 × 2) (2)

[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING D: TAAL IN PRAKTYK

VRAAG 5: ARTIKEL

- Bestudeer die onderstaande artikel aandagtig.
- Voltooi die teks met behulp van die leidrade in die regterkantste kolom.
- Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer, by voorbeeld: ☆

KOLOM A	KOLOM B
5.29 (in die dag)	A Gee een woord

Antwoord: 5.29 bedags

Suster Hilda 'n lig, ster en 'n wonderwerk

KOLOM A	KOLOM B	
(5.1 Suster Hilda 'n lig, ster en 'n wonderwerk) (5.2)	5.1 Benoem die beeldspraak in die titel	(1)
		(1)
☆	5.2 Skryf die stelling in die titel as 'n vergelyking oor	(1)
Vir dokters en (5.3 medeverpleërs) is suster Hilda Masako 'n lig, ster en 'n wonderwerk in hierdie (5.4.1 donker) virus-dae.	5.3 Verklaar die betekenis van die voorvoegsel	(1)
	5.4.1 Word hierdie woord LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik?	(1)
	5.4.2 Verduidelik jou antwoord	(1)
	☆	
Ondanks verskeie onderliggende siektes, wat enige dag haar (5.5 doodsvonnis) kan wees, werk sy (5.6 onverpoos) voort in die (5.7 hoog + sorg + saal) by die (5.8 Netcare Montana-hospitaal).	5.5 Verklaar die gebruik van die -s 5.6 Verduidelik die betekenis 5.7 Gee 'n samestelling 5.8 Verklaar die gebruik van die koppelteken	(1) (1) (1)
Sy het (5.9 sélfs) geweier toe die hospitaal haar na 'n (5.10 veilig) saal wou oorplaas.	5.9 Verklaar die aksentteken 5.10 Gee die vergrotende trap	(1) (1)
Suster Hilda skuif hierdie (5.11 risiko) (5.12 op sy/opsy) met die waai van 'n hand. 'Ek is 'n (5.13 diabeet), ☆	5.11 Gee die meervoud 5.12 Kies die korrekte spelling 5.13 Kies die korrekte betekenis: 'n Diabeet is iemand wat ... A aan hoë bloeddruk ly B aan hoë cholesterol ly C suikersiekte het	(1) (1) (1)

Kopiereg voorbehou

maar dit is nie net (5.14 'n werk nie, maar my roeping.)	5.14	Verduidelik wat die verskil tussen 'n *werk* en 'n *roeping* is	(2)
Verlede Maart het (5.15 hierdie ding) gekom.	5.15	Waarna word hier verwys?	(1)
Dit het almal in ons mediese wêreld (5.16 veras/verras). Soos die wetenskap (5.17 verstewig) het, het (5.18 die protokol) verander.	5.16 5.17 5.18	Kies die korrekte woord Gee die stam van die woord Kies die korrekte betekenis: Protokol is ... A insig en reëls B voorskrifte en reëls C verduideliking en reëls	(1) (1) (1)
Maak nie saak of dit die Beta of Delta (5.19 *what-what*) is nie, ons weet wat om te doen.	5.19	Kies die korrekte woord om die Engelse uitdrukking te vervang: A Variant B Variasie C Variëteit	(1)
Toe (5.20 die hospitaal haar na 'n ander saal wou skuif), het sy geweier, want sy het haar (5.21 PBT) aan. Daarin voel sy veiliger as in meeste ander plekke.	5.20 5.21	Benoem die beeldspraak Skryf die afkorting uit	(1) (1)
(5.22 Ek is die stem van die siekes in hierdie tyd van afsondering. Ek kan nie ophou help nie. Dié wat ons red is ons motivering.)	5.22	Skryf in die indirekte rede Begin met: Sy het gesê ...	(9)
Maar die (5.23 dapperheid) beteken nie daar is geen vrees nie.	5.23	Gee die antoniem	(1)
Ek eet reg en gebruik baie (5.24 vietamiene/vitamine)	5.24	Kies die korrekte woord	(1)
(5.25 Ek gebruik ook my medikasie.)	5.25	Skryf in die lydende vorm	(1)
(5.26 Ek is ingeënt.)	5.26	Skryf in die toekomende tyd	(2)
Maar dan waarsku sy (5.27 *Rapport*).	5.27	Verklaar waarom die woord skuinsgedruk word	(1)
'Ek het liefde en respek vir my (5.28 kollegas/kollega's) en al ons (5.29 mense wat behandeling ontvang) is in my hart.	5.28 5.29	Kies die korrekte vorm van die woord Gee een woord	(1) (1)

[Bron: Verwerk uit *Rapport, 5 Mei 2019*]

TOTAAL AFDELING D: 40

AFDELING E: KOMMUNIKASIE IN PRAKTYK

VRAAG 6: MEDIA

6.1 Mense regoor die wêreld gebruik verskillende soorte media.

Noem enige DRIE soorte media wat wêreldwyd beskikbaar is. (3 x 1) (3)

6.2 Noem TWEE maniere waarop gebruikers hul persoonlike inligting op die media kan beskerm. (2)

6.3 Vul die ontbrekende woord in:

6.3.1 ... aankope word gedoen by bv. Amazon en Takealot. (1)

6.3.2 Instagram en Facebook staan bekend as ... netwerke. (1)

6.3.3 Deur Google te gebruik kan ‘n mens skakels na ander ... kry. (1)

6.4 Verduidelik die verskil tussen *spotprente* en *strokiesprente*. (2 × 1) (2)

6.5 Meer as 8,8 miljoen Suid-Afrikaners was verlede jaar slagoffers van aanlynbedrog.

Kies die korrekte beskrywing van aanlynbedrog uit KOLOM B om by die vorm van aanlynbedrog in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (6.3.1–6.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
6.5.1	Uitvis-bedrog	A	Identiteitsbesonderhede wat op Facebook, of kletskamers gedeel word, word gebruik
6.5.2	Vals reklame	B	Dit word dikwels gekoop met gesteelde kredietkaarte en aan niksvermoedende reisigers verkoop
6.5.3	Vliegkaartjies teen afslagpryse	C	Aanstootlike of uitlokkende opmerkings in kletskamers om sosiale kontak te bewerkstellig
6.5.4	Vals aanbiedinge vir vakansieverblyf	D	Donasies word vir 'n goeie saak gevra en jy moet jou bankbesonderhede verskaf
6.5.5	Identiteitsdiefstal	E	Vals korrespondensie van finansiële instellings om bedrog te pleeg
6.5.6	Afspraakbedrog	F	Nuus wat elemente van die waarheid bevat om werklik oortuigend te wees
6.5.7	Sosiale uitbuiting	G	Jy betaal vooraf (en ten volle) vir akkommodasie wat óf reeds bespreek is óf glad nie bestaan nie
6.5.8	Vals webtuiste	H	Mense glo dat hulle regtig in 'n verhouding is en maak inbetalings aan die ander persoon
6.5.9	Fopnuus	I	’n Webwerf se veiligheidsertifikaat stem nie ooreen met die adres in die balkie nie
6.5.10	Vals liefdadigheids-organisasie	J	Goedere wat geadverteer word maar nooit gelewer word nie, terwyl jy ten volle daarvoor betaal het

(10 × 1) (10)
[20]

VRAAG 7: MANIPULERENDE KOMMUNIKASIEMEDIA

7.1 Kinematografiese tekste, is 'n belangrike manier om boodskappe te kommunikeer.

7.1.1 NOEM VIER voorbeelde van kinematografiese tekste wat in die media voorkom. (4 × 1) (4)

7.1.2 NOEM DRIE kinematografiese tegnieke wat gebruik word in die media om hierdie tekste werlik te maak en sodoende ‘n impak op die gehoor te hê (3 × 1) (3)

7.2 Die media maak van verskeie metodes gebruik om die gehoor te beïnvloed.

Ontwerp ‘n breinkaart om die elemente wat mediakommunikasie gebruik om die gehoor te beïnvloed, te verduidelik:

7.2.1 Skryf DRIE doelwitte van propoganda neer. (3 x 1) (3)

7.2.2 Verduidelik ‘weglating’ as tegniek om mense se opinies te beïnvloed. (1 x 2) (2)

7.2.3 Verduidelik die term ‘selektiewe beriggewing’. (1 x 2) (2)

7.3 Emotiewe taal speel 'n baie groot rol in manipulerende kommunikasie.

7.3.1 Noem DRIE metodes hoe emotiewe taal toegepas word in manupilerende kommunikasie. (3)

7.3.2 Skryf DRIE sinne as voorbeelde van emotiewe taal neer wat byvoorbeeld in ‘n Wegneem Hoenderrestaurant se advertensie gebruik sou kon word. (3)

[20]

TOTAAL AFDELING E: 40
GROOTTOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou